## HOOFSTUK 1: Huiswerkvel 1

Lees hierdie kort eenbedryf en beantwoord dan die vrae wat volg.

### Motorbestuur is nie vir sissies nie

**KARAKTERS:**
DAWIE, die verkeerskonstabel. Hy is oorgewig, sy maag hang oor sy broek se gordel, hy dra ’n donker bril en hy het ’n weglêsnor. Sy hele gesigsuitdrukking is nors.
OOM GAWIE, die bestuurder van ’n ou skedonk. Oom Gawie is al amper 80 en dra ’n hoed.
TANT SOPHIA, oom Gawie se vrou. Sy is ook bejaard.

**TONEEL EEN:**
*Dawie, die verkeerskonstabel, het sy hande vol met Gawie, ’n ou omie van amper 80 wat nog self motor bestuur.*

**Dawie:** (*streng*) Ag, nee, oom Gawie …

**Gawie:** Goeiedag, verkeerskonstabel Dawie. Hoekom is jy vandag weer so kwaai? Jy weet mos dis vandag Welwillendheidsdag.

**Dawie:** Oom, vandag gaan dit nie help om mooibroodjies te bak nie. U het te vinnig gery en u weet dit. Hier is u … Haai wag! Stop! Waar gaan jy heen?

(*Oom Gawie trek weg dat die stof staan terwyl Dawie verslae met sy arm uitgestrek staan.*)

**Dawie:** (*skree agterna*) Vervlaks! Om vir jou ’n verkeersboete te gee, het niks met welwillendheid te make nie! Vandag gaan jy nie wegkom nie! Niemand jaag vir Dawie Donderbos weg nie!

(*Dawie spring op sy motorfiets, skakel sy sirene aan en sit vir oom Gawie agterna.*)

**TONEEL TWEE:**
*’n Stadstoneel. Motors toet om oom Gawie, maar hy vleg tussen hulle deur.*

**Sophia:** Stadig, Gawie, jy hoef nie so te jaag nie.

**Gawie:** Waaroor het ons nou weer gesels voordat Dawie ons in die rede geval het? O ja, my nuwejaarsvoorneme. Vanjaar gaan niks my onderkry nie. Wat verby is, is verby. Ek kyk nie meer agtertoe nie.

**Sophia:** (*kyk oor haar skouer*) Gawie, … Dalk moet jy maar nog net een keer agtertoe kyk …

(*As Gawie in sy truspieëltjie kyk, sien hy vir Dawie op sy motorfiets agter hom. Die geluid van die verkeerskonstabel se sirene is hoorbaar.)*

1.1 “Hoekom is jy vandag weer so kwaai?”
Wat het Dawie heel moontlik in spreekbeurt 1 gesê wat tot Gawie se woorde aanleiding gegee het? (1)

1.2 “Oom, vandag gaan dit nie help om mooibroodjies te bak nie.”
Wat beteken die uitdrukking wat dawie hier gebruik? (1)

1.3 Het Gawie die verkeerskaartjie gevat wat Dawie vir hom uitgeskryf het? Motiveer jou antwoord deur na die toneelaanwysings te kyk. (1)

1.4 Gestel jy wou ’n raampie vir ’n strokiesprent teken. Hoe sou jy aandui dat oom Gawie vinnig weggetrek het? (1)

1.5 Waaruit kan ons aflei dat oom Gawie ’n optimis is? (1)

1.6 “Ek kyk nie meer agtertoe nie.”
Bedoel oom Gawie die woorde letterlik of figuurlik? Motiveer deur te sê wat hy bedoel. (1)

1.7 In die laaste spreekbeurt praat oom Gawie se vrou. Word haar woorde letterlik of figuurlik bedoel? Motiveer jou antwoord. (1)

1.8 Waarom sê sy hierdie woorde vir Gawie? (1)

1.9 Evalueer oom Gawie se houding teenoor verkeersreëls. (1)

1.10 Kyk na die beskrywing van die karakters aan die begin van die drama. Waarom versterk hierdie drama stereotipering? Kyk veral na die verkeerskonstabel se beskrywing. (1)

**[10]**

## HOOFSTUK 1: Huiswerkvel 2

Lees die onderstaande teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

### Is jy ’n ideale prooi vir muskiete?

ZOEI-I-I-I-I-I-I ... ZIP! Jy word wakker en jy is vol rooi knoppe. Dit jeuk dat dit ’n naarheid is! Dis alles daardie dekselse Dracula se skuld! Hoe durf sy jou so verpes?

Nou sit sy daar teen die dak – bloedrooi en trommeldik. Met haar naalddun “rietjie” het sy ongevraagd jou bloed uitgesuig.

Ja, dit is die wyfie wat nie sonder jou bloed se proteïen haar eiers kan lê nie. En die mannetjiemuskiet dan? Hy is ’n rustige jandooi wat tevrede is om aan nektar, vrugtesappe en selfs vuil water te suig met sy suigslurp. Hy sal jou nooit verpes nie.

As jy nog altyd gewonder het hoekom muskiete sekere mense uitkies om te verpes en ander met rus laat, kry jy nou die antwoord. Jy het jou dit nie verbeel nie. Jy kan jou maar kamoefleer met allerhande rome en kerse om jou brand, maar mevrou muskiet sal jou steeds in die hande kry. Jy kan maak wat jy wil – daar is net mooi niks wat jy aan hierdie irriterende goggas se maaltydvoorkeure kan doen nie.

Entimoloë, soos Joseph Conlon, het gevind dat sommige mense muskiete aanlok met chemikalieë wat hul velle afskei. Maar het jy geweet dat:

- swanger vroue muskiete lok? Hulle skei meer koolstofdioksied af wanneer hulle asemhaal.
- ’n atleet na ’n drafsessie melksuur in sy sweet afskei waaroor muskiete dol is?
- muskiete die bloed van alkoholiste verkies? ’n Mens se liggaamstemperatuur styg as jy alkohol gebruik en muskiete hou van warm liggame. Bierdrinkers is ’n muskiet se gunstelingprooi!
- muskiete mense in die O-bloedgroep se bloed verkies? Muskiete byt hulle twee keer meer as vir mense in ander bloedgroepe.

Jy kan nou wel nie verhoed dat muskiete jou byt nie, maar hier is darem die topvyf-wenke om muskietbyte te behandel.

- Asyn, uie, heuning, suurlemoen en knoffel verlig die jeukerigheid van ’n muskietbyt. Smeer ’n bietjie hiervan aan die bytplek.
- Meng ’n bietjie sout of bakpoeier met genoeg water om ’n dik pasta te maak om die byt te behandel. Tandepasta help ook.
- Jy kan essensiële olies, aloe vera, mentol-mondspoelmiddel en selfs ’n droë koekie seep vir verligting aan die bytplek vryf.
- Sit ’n paar ysblokkies in ’n skoon vadoek en hou dit teen die jeukerige deel.
- Jy kan ook jou naaste apteek vir antihistamienroom vra.

Onthou jy die digter, A. D Keet? Miskien het hy ook maar probleme met muskiete gehad. Dis dalk hoekom hy die gediggie, *Muskietejag*, kon skryf? Hy sluit sy gediggie só af en daarmee is dit ook fluit-fluit, my muskietstorie is uit …

Nóú gaan die vabond sterwe …
Pardoef! Dis mis! Daar gaan hy weer!
Maar dóód sal hy, sowaar ek sweer –
My naam is van der Merwe.

2.1 Sê in EEN VOLSIN waaroor hierdie artikel handel. (Daar is 2 feite.) (2)

2.2 Wat stel die volgende klanke voor? "ZOEI-I-I-I-I-I-I... ZIP!" (2)

2.3 "Nou sit sy daar teen die dak – <u>bloedrooi</u> en trommeldik."
Die onderstreepte woord in die bostaande sin is 'n voorbeeld van ...
**A** 'n metafoor
**B** 'n vergelyking
**C** intensiewe vorm
**D** personifikasie (1)

2.4 "Met haar naalddun "rietjie" het sy ongevraagd jou bloed uitgesuig."
2.4.1 Waarom skryf ons "rietjie" tussen aanhalingstekens? (1)
2.4.2 Gee nou 'n sinoniem vir "rietjie" in hierdie konteks uit paragraaf 3. (1)

2.5 "Dis alles daardie dekselse Dracula se skuld!"
Waarom is dit so gepas om na die muskiet as "Dracula" te verwys? Jy moet in jou antwoord na Dracula sowel as die muskiet verwys. (2)

2.6 Waarom het die wyfiemuskiet 'n mens se bloed so nodig? (1)

2.7 Noem die DRIE dinge waarvan die mannetjiemuskiet lewe in plaas daarvan om van jou bloed te suig. (3)

2.8 Haal die woord uit die leesstuk aan wat dieselfde as "insektekenners" beteken. (1)

2.9 Kies uit KOLOM B die sinsdeel wat die beste by die woorde in KOLOM A pas.
Skryf net die vraagnommer en die letter neer, bv. 1.9.5 G (5)

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.9.1 | swanger vroue | A | se hoër liggaamstemperatuur lok muskiete |
| 2.9.2 | atlete | B | het muskiete se voorkeurbloedtipe. |
| 2.9.3 | alkoholiste | C | laat muskiete hul "neuse" vir hulle bloed optrek |
| 2.9.4 | mense met A-bloedgroep | D | lok muskiete deur die hoër % koolstofdioksied tydens asemhaling |
| 2.9.5 | mesen met O-bloedgroep | E | se sweterige lywe lok muskiete |
| | | F | verdryf muskiete met 'n knoffel-reuk |

2.10 Sê waarom die volgende sin ONWAAR is.
"In die artikel lees ons daar is niks wat 'n dokter vir jou kan gee wat sal help vir die jeuk van muskietbyte nie." (1)

2.11 Waarom kan 'n mens sê dat hierdie artikel 'n "ligte" toon het? (1)

2.12 Die doel van hierdie artikel is ook om lesers in te lig. Wat kon die skrywer dalk nog oor hierdie onderwerp geskryf het? (1)

2.13 Lees die aanhaling uit die gedliggie, *Muskietejag*.
1.13.1 "<u>Nóú</u> gaan die vabond sterwe"
Wat is die funksie van die aksenttekens op die onderstreepte woord? (1)
2.13.2 Watter tipe rym word in die strofe gebruik? (1)
2.13.3 Haal 'n voorbeeld van klanknabootsing uit die strofe (1)

**[25]**

## HOOFSTUK 2: Huiswerkvel 1

1.1 Kies die mees geskikte sinoniem wat die beste in ’n bepaalde situasie sal pas.

1.1.1 Dit was ’n (aandoenlike / gevoelige) toneel toe ma en seun mekaar ontmoet. (1)
1.1.2 Ons het (baldadig / uitgelaate) soos ’n klomp kinders op die strand baljaar. (1)
1.1.3 Toe die rugbyspeler beseer word, kon die afrigter betyds genoeg om ’n (plaasvervanger / surrogaat) kry. (1)
1.1.4 Watter (sekuriteit / waarborg) het ek dat jy my altyd sal liefhê? (1)
1.1.5 Dis hartseer hoeveel mense (geluk / plesier) daarin vind om ander te beskinder. (1)

1.2 Skryf die volgende paragraaf oor en vervang die vetgedrukte woorde met gepaste antonieme.

Hy het nou uiteindelik (1.2.1 **erken**) dat hy my hart gesteel het. Ek is so bly ek het op ’n (1.2.2 **valse**) persoon verlief geraak. Die liefde is ’n (1.2.3 **konkrete**) begrip. Dit help wanneer ek (1.2.4 **teneergedruk**) is en dan nie soos ’n (1.2.5 **sukses**) voel. My vriendin se (1.2.6 **snedige**) antwoord het my verbaas. Haar (1.2.7 **vae**) beskrywing van die liefdesgedig het my beïndruk. (7)

1.3 Vorm een woord (samestelling) vir die onderstreepte woorde.

1.3.1 Sy is ’n leerder by ’n <u>skool vir meisies</u>. (1)
1.3.2 Sy spuit die <u>spinnekop wat lang bene het</u> dood. (1)
1.3.3 Alex luister na die <u>musiek wat die operasanger sing</u>. (1)
1.3.4 Sam is verlief op die <u>meisie met die groen oë</u>. (1)
1.3.5 Die verliefdes geniet ’n romantiese ete by <u>die lig van die kers</u>. (1)
1.3.6 My <u>palms van my hand</u> sweet as ek haar sien. (1)
1.3.7 Dit is net jy wat my <u>klop van my hart</u> kan hoor. (1)
1.3.8 Toe tref <u>die liefde van ’n kabouter</u> my. (1)

**[20]**

## HOOFSTUK 2: Huiswerkvel 2

2.1 Lees die sinne deur en benoem die onderstreepte spraakklanke volledig.

2.1.1 Jy moet die lewe geniet en waardeer. (3)
2.1.2 Die liefde is nooit hoogmoedig nie. (1)
2.1.3 Kan jy jou hart vir my gee? (3)

2.2 Stel 5 sinne saam waar elke sin ’n kort en ’n lang vokaal het. Dui die kort klinker met ’n (K) en die lang klinker met ’n (L) aan. (5)

2.3 Voltooi die ontbrekende versamelnaam:

2.3.1 ’n … kleintjies (1)
2.3.2 ’n … gedigte (1)
2.3.3 ’n … pêrels (1)
2.3.4 ’n Versameling van mense wat sing is ’n … (1)
2.3.5 ’n Versameling skape is ’n … (1)

2.4 Skryf die volgende sinne oor as ’n vraagsin.

2.4.1 Hartverlief is om met die hart te bemin. (1)
2.4.2 Soen en drukkies word sinoniem met die liefde verbind. (1)
2.4.3 Sy skryf elke aand inskrywings in haar dagboek. (1)

**[20]**


*Hierdie dokument mag gekopieer word.*

## HOOFSTUK 3: Huiswerkvel 1

Lees die onderstaande teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

### *JOB JUGGLERS* gee rigting aan jou loopbaan

Baie jongmense bereik die einde van hulle skoolloopbaan en dan weet hulle nie wat hulle wil doen nie. Daar is selfs mense, dikwels in hulle middeljare, wat agterkom dat hulle nog nooit regtig gelukkig in hulle werk was nie. Daar word bereken dat tot 70% van alle werkende mense ongelukkig met hulle beroepskeuse is.

Miskien is die rede vir hierdie ongelukkige situasie dat hulle een die volgende houdings gehad het toe hulle begin werk het:

- “As ek net ’n werk kan kry, enige werk!”
- “Waar kan ek die meeste geld verdien?”
- “My vriende werk daar en hulle hou daarvan.”
- “My pa doen dit; daarom sal ek dit ook kan doen.”

Nee, jy behoort ’n loopbaan te kies volgens jóú persoonlikheid, talente, belangstellings en waardes. Dit is waarom *JOB JUGGLERS* gestig is.

Dit het 15 jaar geneem om *JOB JUGGLERS* te ontwikkel. Dit is in 10 tale beskikbaar (insluitend Afrikaans en Engels), het konsultante in 20 lande en spog met meer as 100 000 kliënte.

Hoe werk dit? Daar is 200 vrae (hoofsaaklik meervoudigekeusevrae). Jy moet dit aanlyn beantwoord. Hierdie vrae handel oor jou persoonlikheid, talente, belangstellings en waardes. Daar is opgeleide konsultante wat die resultate van jou toets ontleed. Daarna sal hierdie konsultante jou help om die uitslag te interpreteer. Dit doen hulle deur vir jou te wys hoe al die komponente (persoonlikheid, talente, belangstellings en waardes) bymekaarkom en hoe jy dit kan gebruik om jou ideale beroep te kies. Hulle identifiseer daarna vir jou loopbaanmoontlikhede – alles in ’n dik verslag. As jy hulp nodig het, is daar ook ’n terugvoersessie. Hier kan jy selfs met jou konsultant Skype.

1.1 Som *JOB JUGGLERS* se werkwyse in 7 VOLSINNE op. Maak seker dat jy die regte volgorde handhaaf. (10)

1.2 Hoe gepas is die titel van hierdie assesseringsprogram? Motiveer jou antwoord in EEN VOLSIN. (1)

1.3 Met watter doel is *JOB JUGGLERS* gestig? (1)

1.4 Gestel iemand is huiwerig om van hierdie assesseringsprogram gebruik te maak. Watter VIER feite sal jy noem om daardie persoon te oortuig dat *JOB JUGGLERS* ’n betroubare program is? (4)

1.5 Kyk na die vier moontlike redes waarom sommige mense hulle loopbane gekies het. Watter persone het:

1.5.1 nie hul talente in gedagte gehou nie? (1)
1.5.2 nie hul belangstellings in ag geneem nie? (1)
1.5.3 nie hul persoonlikheid in gedagte gehou nie? (1)
1.5.4 dalk die verkeerde waardes in die lewe? (1)

**[20]**

## HOOFSTUK 3: Huiswerkvel 2

2.1 Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat volg.

**Jeug in Afrika: groeiend en werkloos**

- 600 miljoen mense in Afrika is jonger as 25.
- 72% van Afrika se jeug is werkloos of oorleef op minder as R25.00 per dag.
- 63% van die bevolking in Afrika suid van die Sahara leef in landelike gebiede.
- 55% of 19,7 miljoen van Suid-Afrika se bevoling is tussen 15 en 34 jaar oud.
- 36.9% van Suid-Afrika se jeug (15–34 jaar) is werkloos.
- 11 miljoen jong mense betree jaarliks die arbeidsmark in Afrika.
- Teen 2045 sal Afrika se jeug (15–34 jaar) verdubbel.
- In Suid-Afrika sal die trae ekonomie, min werksgeleenthede, werkloosheid en hoë studiekoste baie jong mense se drome om 'n goeie werk te kry, vernietig.

2.1.1 Skryf die opskrif van hierdie teks uit in een sin. (1)

2.1.2 Hoeveel jong mense is daar in Afrika wat jonger as 25 is? (1)

2.1.3 Watter persentasie van Afrika se jeug is NIE werkloos NIE? (1)

2.1.4 Kies die regte antwoord tussen hakies.
As ons Suid-Afrika se jeug vergelyk met die res van Afrika se jeug, is die persentasie werkloses (meer / minder) in Suid-Afrika. (1)

2.1.5 Vul die korrekte antoniem in: 63% van die bevolking in Afrika suid van die Sahara leef in landelike gebiede. Die res woon dan in … gebiede. (1)

2.1.6 Gee woorde wat dieselfde beteken as die onderstreepte deel:
11 miljoen jong mense in Afrika betree jaarliks die arbeidsmark. (1)

2.1.7 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.
2.1.7.1 Teen 2045 gaan die bevolkingsgetal van Afrika se jeug (dubbel). (1)
2.1.7.2 (Werkloos) is 'n groot probleem in Afrika. (1)
2.1.7.3 Vir (oorleef) sal daar vinnig aan 'n oplossing gedink moet word. (1)

2.1.8 Waarom sal baie mense dit verkies om eerder 'n grafiese teks te lees as so 'n geskrewe teks? (1)

2.2 Gestel jy is 'n spotprenttekenaar. Jy kry die volgende leidrade:
*'n Ma-voël sit op haar nes en is op die punt om haar kuiken uit die nes te skop. Buite sien jy swaar onweerswolke en VIER blitse. Die ma-voël sê 2 keer: "Sterkte, my kind!"*

2.2.1 Verduidelik die metafoor in hierdie spotprent. (2)

2.2.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies: Die ma-voël lyk (opgewonde/bekommerd). (1)

2.2.3 Wat is die funksie van die onweerswolke en die blitse? (2)

2.3 Teken 'n spotprent waar jy 'n matrikulant uitbeeld wat klaar is met skool en nou sy/haar eie geld moet gaan verdien.

2.3.1 Noem die VIER dinge wat hierdie skoolverlater se toekoms moeilik gaan maak. (4)

2.3.2 Die skoolverlater word TWEE maal sterkte toegewens. Watter boodskap dink jy, dra dit aan die skoolverlater oor? (1)

**[20]**

## HOOFSTUK 4: Huiswerkvel 1

Lees die teks vlugtig deur en beantwoord die taalvrae wat volg.

**Hoe lyk dit met 'n bietjie kakkerlakmelk by jou koffie?**

Het jy geweet kakkerlakke produseer melk? Daar is onlangs 'n studie gedoen oor die proteïen-kristalle wat in kakkerlak-embrio's ontdek is. Volgens wetenskaplikes is die melk hoog in kalorieë en ryk aan voedingstowwe. Nou is internasionale navorsers baie opgewonde omdat hulle glo hulle het 'n nuwe supervoedsel ontdek wat gesonder en meer voedsaam as beesmelk is!

Die Diploptera-kakkerlakspesie geniet nou baie aandag. Hierdie spesie is uniek omdat, anders as ander spesies, hulle nie eiers lê nie, maar geboorte aan hul kleintjies gee. Volgens insekkenners skei hulle *punctata*-vloeistof, bekend as Lili-Mip, af wat hulle vir hul kleintjies voer.

Met verdere navorsing is daar bewys dat kakkerlakmelk drie keer meer energie as buffelmelk bevat. En buffelmelk is juis bekend om sy ryk voedingswaarde!

Te veel vir 'n nugter maag? Toemaar – dit sal nog 'n hele tydjie wees voordat dié melkbottels langs die ander in winkels te siene sal wees.

1.1 Skryf VYF moontlikhede neer van woorde waar daar assimilasie kan voorkom. (5)

1.2 Brei die onderstaande sinne uit deur attributiewe byvoeglike naamwoorde te gebruik. Skryf die sin oor met die bygevoegde woorde.
1.2.1 Ek hou van koffie. (1)
1.2.2 Kakkerlakke is insekte. (1)
1.2.3 Miskien is dié melk dalk 'n oplossing vir die hongersnood in die wêreld? (1)
1.2.4 Ek wonder hoe die wetenskaplikes by dié verskynsels uitgekom het? (1)

1.3 Herskryf die volgende sinne sodat dit stelsinne is.
1.3.1 Sal boere nog beeste vir hulle melk teel? (1)
1.3.2 Vervaardigers van insekdoders is in absolute opstand oor die berig! (1)
1.3.3 Moet ons kakkerlakke nou soos produksiediere hanteer? (1)
1.3.4 Te veel vir 'n nugter maag? (1)

1.4 Herskryf die volgende sinne sodat dit bevelsinne is.
1.4.1 Sal jy asseblief vir my 'n paar kakkerlakke vang? (1)
1.4.2 Jy moet onderin die kombuiskas gaan soek. (1)
1.4.3 Jy sal moet gou maak, want die kakkerlakke hardloop weg. (1)

1.5 Skryf die volgende sinne in die direkte rede oor.
1.5.1 Die vrou vra of hulle eendag handsakke van kakkerlakdoppe gaan hê. (1)
1.5.2 Die boer het sy vrou geantwoord dat hy nie lus is om met kakkerlakke te teel nie. (1)
1.5.3 Die man vra die joernalis wanneer laas hy so 'n interessante storie gedoen het. (1)
1.5.4 Die joernalis het gesê dat hy die vorige jaar 'n storie oor donkiemelk gedoen het. (1)

**[20]**

 *Hierdie dokument mag gekopieer word.*

## HOOFSTUK 4: Huiswerkvel 2

Bestudeer die prent. Kyk mooi na wat elke persoon doen, kyk na hul liggaamstaal en aksies, en voer dan die instruksie by elke vraag uit. Gebruik die gegewe emosie-woord om jou met jou antwoord te help. Elke respons moet 15–20 woorde lank wees, en jy mag net een of twee sinne per respons gebruik.



2.1 Die man aan die linkerkant is **ontsteld** want die bus is al weer laat en hy weet nie of hy betyds by die huis vir aandete gaan wees nie. Hy weet sy vrou gaan vies wees. Skryf neer wat hy vir sy vrou gaan sê wanneer hy by die huis instap. (2)

2.2 Die vrou, links op die bankie, sit **geduldig** en wag met haar oë toe. Sy het ’n moeilike dag by die werk gehad en is net bly dis verby. Skryf neer wat sy dink. (2)

2.3 Die meisie aan die regterkant van die prent is baie **opgewonde**, want haar vriendin het haar nou net laat weet dat hulle mekaar by ’n spesifieke plek moet ontmoet en sy was baie lanklaas daar. Skryf neer wat sy sê. (2)

2.4 Die vrou, regs op die bankie, is **geïrriteerd** met haar vriendin langs haar, want sy soek al weer na iets in haar handsak. Skryf neer wat sy dink. (2)

2.5 Die vrou in die middel, op die bankie, weet haar vriendin is geïrriteert met haar en sy is baie **skaam** daaroor dat sy al weer na iets soek. Skryf neer wat sy dink. (2)

**[10]**

## HOOFSTUK 5: Huiswerkvel 1


### 1.1 Maak ’n toerbrosjure

Lees weer die inligtingsteks oor die Karoo op bl. 57 in jou handboek.

Jy moet ’n toerbrosjure oor die Karoo saamstel. Jy adverteer ’n toer wat die volgende dorpies insluit: Middelburg, Nieu-Bethesda, Murraysburg, Aberdeen, Graaff-Reinet en Cradock.

Jy gaan beslis jou Geografie-onderwyser se hulp nodig kry as jy die kaart teken. Jy kan die brosjure met die hand doen of jy kan jou onderwyser in die RTT-klas vra om jou te wys hoe om ’n brosjure met ’n templaat saam te stel. By jou Geskiedenis-onderwyser sal jy nuttige brokkies geskiedenis oor die dorpies op jou toer kry.

Jou brosjure sal as volg lyk:




Op die **voorblad** moet jy die volgende inligting gee:

- Wie is die toeroperateur?
- Hoe staan die toer bekend?
- Waarheen is die toer?
- Wat is die slagspreuk van hierdie toer?
- ’n Treffende foto wat die toer se wese opsom

Aan die **binnekant** benodig jy:

- ’n Deeglike beskrywing van die Karoo
  (Jy kan selfs aanhaal uit Coenie de Villiers se liedjie)
- ’n Verduidelik van die toerprogram
- ’n Lys van die besienswaardighede
- Die prys van die toer
- Inligting oor die akkommodasie
- Inligting oor die vervoer

Op die **agterkant** moet jy:

- ’n Kaart teken wat die roete aandui
- Volledige kontakbesonderhede gee
- ’n Waarborg gee dat toerlede die toer sal geniet

**[20]**

## HOOFSTUK 5: Huiswerkvel 2

Lees die onderstaande teks aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Salig, sorgvry en sonskyn op die Sinfonia**

*"And when you get the choice to sit out or dance,*
*I hope you dance …"*

1 Só vra Lee-Ann Womack jou om die dans van die lewe te dans, en jy kan já of néé sê. En nou kom nooi die MSC Sinfonia jou ook saam op 'n onvergeetlike reis. As jy hierdie uitnodiging aanneem, belowe MSC Sinfonia jou 'n jolige tydjie, veral as die see, die son en lekker kuier in jou smaak val. Kom kyk hoe maklik is dit …

2 Jy vertrek vroegoggend met 'n Mango-vlug (die goedkoopste) uit Johannesburg na Durban met die heerlike vooruitsig om vier dae sonder bekommernisse op 'n plesierskip deur te bring. Die MSC Sinfonia vaar van Durban na Mosambiek en jy kuier ook vir 2 dae op 'n eiland.

3 Moet net nie koue voete kry as jy die kajuit en die badkamer sien nie. Die kajuit is regtig kompak. Daar is darem 'n balkon met 'n uitsig op die see. Die badkamer is net so knap en jy moet liewer nie jou danspassies in die stort oefen nie. Maar jy gaan die minimum tyd hier deurbring, want al die lekker dinge wag vir jou op die dek.

4 Om 14:00 vertrek ons uit die hawe en dit is sommer gou partytjietyd op die dek. Daar word onder meer gelyndans dat die biesies bewe. Op die swemdek kan jy jou regmaak vir allerlei balspeletjies of jy kan jou op 'n sonstoel tuismaak en kort-kort in die swembad afkoel.

5 Dag twee is vroegoggend ankertyd naby die Portugese Eiland se kus. Vir die volgende twee dae is dit ons speelplek. Daar is kleiner bootjies wat die passasiers in groepies na die eiland toe neem. Die water is te vlak vir die passasiersboot en daar is mos geen behoorlike hawe op hierdie onbewoonde eiland nie. Passasiers bring die eerste dag op die eiland gewoonlik by die strandkroeg, die grasafdakke en die houtdekke deur. MSC het die geriewe op dié klein onbewoonde eiland spesiaal opgerig vir hulle passasiers. Die volgende dag is daar allerlei water- en pret-aktiwiteite, maar vir diegene wat rustig wil wees, sal die matrasse waarop 'n mens in die turkoois louwarm water kan ronddobber baie aanloklik wees.

6 Terug op die skip is daar weer ure se vermaak en as die hongerpyne knaag, is daar altyd iets te ete. Daar is 20 uur van die dag kos en jy kan jouself ook help aan koffie, tee en water. Die spoggerige restaurante is as 'n mens 'n meer formele ete wil geniet.

7 Die tweede laaste dag word daar in Maputo, die hoofstad van Mosambiek, se hawe ankergegooi en passasiers kan die dag in dié hawestad hulle van hulle voete af stap of die dag rustig op die skip deurbring.

2.1 Watter lugredery kan 'n mens gebruik vir 'n vlug vanuit Johannesburg? (1)

2.2 Van waar tot waar strek hierdie seevaart? (2)

2.3 Noem DRIE dinge waarmee 'n passasier hom/haar op die dek kan besig hou daardie eerste middag. (3)

 *Hierdie dokument mag gekopieer word.*

2.4 Daar is TWEE sinonieme vir "klein" in hierdie leesstuk. Skryf beide neer. (2)

2.5 Haal die sin in paragraaf 5 aan as rede waarom passasiers met 'n kleiner boot na die eiland geneem word. (1)

2.6 Hoe weet ons daar word nie net gekonsentreer op passasiers wat daarvan hou om aktief te wees op die eiland nie? (1)

2.7 Haal die sinsdeel (6 agtereenvolgende woorde) uit die slotparagraaf aan wat dieselfde beteken as "gou". (1)

2.8 Kyk na die opskrif.
2.8.1 Voltooi die volgende sin: Die herhaling van die s-klank staan bekend as … (1)
2.8.2 Wat is die funksie van die herhaling van die s-klank in die opskrif? (1)

2.9 Lees paragraaf 1.
2.9.1 Word die woord "uitnodiging" letterlik of figuurlik gebruik? Motiveer jou antwoord. (2)
2.9.2 Waarom sal jy "ja" sê vir hierdie uitnodiging? (2)

2.10 Waarom kan ons hierdie artikel as manipulerend beskryf? (1)

2.11 Watter tegniek gebruik die skrywer om die eerste en laaste paragraaf effektief bymekaar te laat aansluit? (1)

2.12 Kies uit kolom B die sleutelwoord wat die beste by die paragraaf in Kolom A pas. Skryf net die vraagnommer en die letter neer. (5)

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 2.12.1 | Paragraaf 2 | A | lui-lekker op 'n eiland |
| 2.12.2 | Paragraaf 3 | B | slaapplek |
| 2.12.3 | Paragraaf 4 | C | tyd om mede-passasiers te ontmoet |
| 2.12.4 | Paragraaf 5 | D | tyd vir avontuur |
| 2.12.5 | Paragraaf 6 | E | eetgoed |
| | | F | die afwagting |

2.13 Stel 'n baie kort program op oor die 4 dae aan boord die Sinfonia. Nommer dit Dag 1 tot Dag 4 en beskryf elke dag se bedrywighede met maksimum 5 woorde per dag. Jou program moet ook 'n samevattende opskrif hê. (5)

**[30]**

## HOOFSTUK 6: Huiswerkvel 1

Lees die teks aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Superhelde**

Selfs al hou jy van Afrikaanse musiek, is dit moontlik dat jy nie sal weet wie Jay van die groep Eden is nie. Maar wie ken nie die volgende liedjie nie:

*Kan ek jou Superman Batman Ironman Spiderman wees?*
*Ek sal jou oppas in die donker en vir jou 'n hero wees.*

Ja, wie het nou nie ’n ou sagte plekkie vir so ’n superheld nie? Spiderman. Batman. Flash Gordon. He-Man …? Iemand wat jy bewonder en in die geheim wens dat jy sy skoene kan volstaan. Vir my, is daar net een superheld. Superman. Superman is bonatuurlik sterk, hy is baie vinnig, hy kan uithou, hy het stamina en en en en ... hy kan vlieg ook!

Jerry Siegel en Joe Schuster het hierdie superheld geskep. Heel aan die begin was Superman ’n groot, slegte, bles skurk. Mettertyd het sy beeld begin verbeter. Superman het op 30 Junie 1938 vir die eerste keer in *Action Comics* verskyn. Aan die begin was Superman se superkrag beperk, want hy kon net baie hoog spring en vinnig hardloop. Superman het egter sterker en sterker geword. In 1941 het hy geleer om te vlieg. Deesdae het hy x-straalvisie en hy is basies onaantasbaar.

Superman is nie super gebore nie. Hy, net soos die ander mense van Kripton, was kragteloos op hulle planeet wat om ’n rooi son gewentel het. Maar onder die Aarde se geel son kon iemand van Kripton se liggaamselle die sonstrale absorbeer en dit verander in ongelooflike krag.

Clark Kent, die toekomstige held van die wêreld, is grootgemaak op ’n doodgewone plaas deur baie eenvoudige ouers as hulle enigste kind. Hy het ouer en al sterker geword. Sy liggaam was in staat om meer sonenergie te stoor en dit effektiewer in suiwer krag om te skakel. Dit het hom ongelooflik sterk en feitlik onaantasbaar deur aardse wapens gemaak. Hy is toe Aarde toe gestuur met sy pa se goedkeuring. Daar is veral vier belangrike dinge vir hom gesê voordat hy Aarde toe gegaan het:

- die bewoners van die Aarde het die potensiaal gehad om ’n goeie nasie te wees, maar hulle het iemand nodig gehad om vir hulle te wys wat om te doen om ’n goeie nasie te word;
- hy (Superman) moes tussen die bewoners van die Aarde gaan bly;
- hy moes vir die bewoners van die Aarde gaan wys hoe om ’n goeie nasie te word; en
- hy moes net nooit vergeet waar hy vandaan gekom het nie.

Maar hoe kry Superman dit reg om so doodgewoon voor te kom dat die mense nie agterkom wie hy werklik is nie? Hy flous mense deur bloot sy bril op te sit of af te haal. Hy beheer sy spiere so goed dat hy nie mense se hande vergruis as hy hulle sou groet nie. Hy kan ook sy stem verander. Verder sit hy slordig en dra oorgrootklere om hom verder te vermom. Hy kan ook sy kenmerkende liggaamstaal heeltemal verander.

Die ‘S’ kenteken op sy bors staan nie vir ‘Super’ nie, maar is eerder die Kripton simbool vir hoop. Dis dalk waarom ons versot op hierdie stories is. Ons is mal oor bonatuurlike figure wat wonders verrig, teen alle aanslae, en wanneer daar geen hoop meer is nie, dan kom hulle deur. Hulle offer ook hulle self gewoonlik op vir die saak en vir ander mense. Wens jy nie ook jy kon dit doen nie!

*Kan ek jou Superman Batman Ironman Spiderman wees?*
*Ek sal die wêreld vir jou aanvat en vir jou 'n hero wees.*

Viva, Superman, Viva!

 *Hierdie dokument mag gekopieer word.*

1.1 Oor watter superheld handel hierdie leesstuk? (1)

1.2 Oor watter eienskappe beskik Superman volgens reël 5–8? (3)

1.3 Wie is die skeppers van Superman? (2)

1.4 Sê of die volgende stellling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord.
Kal-El se Kriptoniet pa was baie selfsugtig. (1)

1.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.
Jay se liedjie ... die beeld wat ons van Superman het.
**A** veralgemeen
**B** kontrasteer
**C** komplementeer
**D** stereotipeer (1)

1.6 Superman kry dit reg dat mense hom nie herken nie.
Die idioom wat by hierdie eienskap pas, is ...
**A** Superman kan mense om die bos lei.
**B** Superman kan van 'n molshoop 'n berg maak.
**C** Superman sal nie slapende honde wakker maak nie.
**D** Superman stuur die mense met die kous oor die kop huis toe. (1)

1.7 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer:
Daar was (progressie/agteruitgang) in die ontwikkeling van die Superman-beeld van 1938 af. (1)

1.8 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommmer en antwoord neer:
Die mens hou van karakters soos Superman omdat dit beteken dat daar (geloof/hoop/liefde/genade) in die donkerste situasies is. (1)

1.9 Kal-El se pa het gesê dat die aardlinge 'n goeie nasie kan word, maar hulle het hulp en 'n voorbeeld nodig. Om hierdie rede en veral omdat hulle die potensiaal het om goed te wees, stuur hy vir Kal-El, sy enigste seun, Aarde toe.
Wat lei jy uit hierdie woorde af oor die pa se houding teenoor die aardlinge? (1)

1.10 Gestel die leerlingraad by julle skool nooi julle uit om die fliek, "Superman", saam met hulle te kyk. Agterna bespreek julle vir Superman as leiersfiguur. Watter DRIE faktore sal jy uitlig wat bydra tot Superman se effektiewe leierskap? (3)

**[15]**

## HOOFSTUK 6: Huiswerkvel 2

Ons Suid-Afrikaners is baie gelukkig dat ons iemand soos Nelson Mandela gehad het om vir ons te kom leer hoe om goeie leiers te wees. Ons kan sê hy was ons Superman! Lees die onderstaande teks en voltooi dan die opdrag wat volg.

| | |
|---|---|
| | **Om ’n leier te wees – lesse uit Madiba se lewe** |
| 1 | ’n Leier motiveer sy volgelinge. Madiba het dit so verduidelik: “As jy beeste opppas, staan jy agter jou beeste met ’n stok. Jy laat ’n paar van die slimste beeste voor loop in die rigting waarin jy hulle wil stuur. Die res van die beeste volg die voorlopers. Eintlik is dit dan tog jy wat agter hulle staan en hulle motiveer.” |
| 2 | Het jy opgelet dat Madiba altyd gesteld was op hoe dinge lyk? Dwarsdeur sy lewe het sy voorkoms altyd gepas by die rol wat hy gespeel het – of hy ontspan het en of hy ’n amptelike banket bygewoon het. Hy was ook ’n man met rotsvaste beginsels, veral vir gelyke regte vir almal, ongeag ras, klas of geslag. |
| 3 | Hy het geglo as jy meer van mense verwag, sal hulle goed oor hulself voel en beslis meer doen as normaalweg. Hulle kan selfs skuldig voel as hulle nie hul bes doen nie. |
| 4 | Mandela was ’n goeie bokser en het geweet dat ’n bokser sy teenstander moet ken as hy ’n uitklophou wil plant. Sy vriende kon nie verstaan waarom hy in Afrikaans belang gestel het nie. Maar Mandela het geweet hy sou nie sy teenstanders kon uitoorlê as hy nie weet wat in hul kopppe aangaan nie. En hy kon hulle net verstaan indien hy hulle taal kon praat. |
| 5 | Madiba het dikwels gesê dat dit net dom mense is wat vir niks bang is nie. Dis nie ’n skande om bang te wees nie. Jy moet net nie toelaat dat bangwees jou onderkry nie. |
| 6 | Selfbeheersing is ’n vereiste vir ’n leier. Mense vertrou ’n leier wat kalm bly in gespanne situasies. En jy kan net kalm bly as jy jou selfbeheersing behou. As jy beheer oor jouself verloor, kan jy nie ’n situasie beheer nie. |
| 7 | Daar behoort niks te wees wat jy ander laat doen wat jy nie self bereid is om te doen nie. Ons sê daar behoort niks benede ’n leier se waardigheid te wees nie. ’n Leier stel dus altyd die voorbeeld. |

2.1 Skryf ’n opsomming:

- Haal SEWE wenke uit die leesstuk wat jou kan help om ’n goeie leier te wees.
- Skryf die wenke ondermekaar neer.
- Gee die wenke in jou eie volsinne.
- Jy mag nie meer as 70 woorde in jou opsomming hê nie.
- Laat ’n reël oop na elke wenk.
- Tel die getal woorde wat jy gebruik het en skryf dit onderaan jou opsomming.

**[10]**

 *Hierdie dokument mag gekopieer word.*

## HOOFSTUK 7: Huiswerkvel 1

Verander elke keer die woord in hakies, soos gevra.

LeRiche was op sy (**1.1 gelukkig** – oortreffende trap) as kind op sy pa se (**1.2 skip/ boot** – kies die korrekte woord), die Vlieënde Hollander. Hy was nie bang vir die (**1.3 branders** – verkleining) of die (**1.4 seestroom** – meervoud) nie en alhoewel hulle nooit kon vasmeer nie, het hy altyd, wanneer hulle (**1.5 ver** – gee die antoniem) rotse was, op gevaarlike plekke gaan (**1.6 *dive*** – gee die Afrikaanse woord). Hy was tog 'n bietjie versigtig wanneer hulle verby ander (**1.7 skippe/ skepe/skips/skeeps** – kies die korrekte woord) gevaar het. Sy (**1.8 Pa / pa** – kies die korrekte een) het (**1.9 hom/sy/hy** – kies) geleer (**1.10 kruip weg** – gee die intifinitief) as hulle ander seerowers gesien het.

(**1.11 Toe/Wanneer/As** – kies) die Vlieënde Hollander op spoed was, was dit baie (**1.12 opwinding** – gee die korrekte vorm van die woord)! Hulle het deur die (**1.13 golwe/golve** – kies die korrekte woord) geklief en dit het die die (**1.14 *dolphins*** – gee die korrekte Afrikaanse vertaling) (**1.15 motifeer/motiveer/motiveur** – kies die korrekte spelling) om saam met hulle te swem.

Hendrik van der Decken het op 'n (**1.16. stadiom/stadium** – kies die korrekte woord) sy Vlieënde Hollander (**1.17 geel** – gee die intensiewe vorm) geverf, maar (**1.18 a.g.v**. – skryf die afkorting uit) die storms, het die kleur nie lank gehou nie. Op 'n (**1.19 storm** – gee die korrekte vorm van die word) aand in (**1.20 1641** – skryf uit in woorde) was Hendrik en sy bemanning (**1.21 oppad/op pad** – kies die korrekte een) van Batavia (**1.22 tot/na/op** – kies die korrekte voorsetsel) na (**1.23 Ndl.** – skryf die afkorting volledig uit).

Dit was op 'n (**1.24 Woensdag** – gee die afkorting) wat hulle naby die Kaap gevaar het en die storms so erg was dat die seile (**1.25 skeur** – gee die korrekte vorm) het en die bemanning te bang was (**1.26 werk** – gee die intifitief). Hendrik het self die stuur (**1.27 gryp** – gee die koerrekte vorm van die woord) en probeer om die (**1.28 Kaap** – gee die korrete vorm van die word) hawe binne te vaar. Die (**1.29 jong/jonk** – kies die korrekte vorm) LeRiche het gesien hoe sy pa (**1.30 sukkel/sukkle** – kies die korrekte spelling) en geskreeu het dat hy die hawe sal maak, al moet hy dit tot (**1.31 oordeel + dag** – gee die samestelling) doen.

…en volgens die legende is dit die (**1.32 *reason*** – gee die korrekte Afrikaans) hoekom (**1.33 hy/sy** – kies die korrekte voorsetsel) tot vandag steeds (**1.34 in/op** – kies die korrekte voorsetsel) die oopsee (**1.35 vaar/faar** – kies die korrekte spelling).

**[35]**

## HOOFSTUK 7: Huiswerkvel 2

2 Skryf die onderstaande sinne oor en begin elke keer met die gegewe deel in skuinsdruk.



2.1 Die pa het 'n kamera in sy hand, want hy neem sy dogter af.
*Die pa het 'n kamer in sy hand omdat ...* (1)

2.2 Die dogtertjie weet om saam met dolfyne te swem, is nie 'n mite nie.
*Om saam met dolfyne te swem, ...* (1)

2.3 Die vrou het vir haar man gesê: "Ons gaan nooit vir Sumari nou daar wegkry nie!"
*Die vrou het vir haar man gesê dat ...* (1)

2.4 Dit was haar verjaardag. Dit was 'n spesiale dag.
*Omdat ...* (1)

2.5 Het die dolfyn weggeswem toe hulle naderkom?
*Nee, ...* (1)

2.6 Verlede jaar het hulle die verjaardagpartytjie op Tafelberg gehou.
*Op die oomblik ...* (1)

2.7 Hulle sal hierdie dag nooit vergeet nie, al swem hulle elke week saam met dolfyne.
*Alhoewel hulle ...* (1)

2.8 Gelukkig was daar baie tyd om saam met die dolfyn te swem.
*Môre ...* (1)

2.9 Die dogtertjie sal baie goed voel as die foto teen haar muur hang!
*Die dogtertjie behoort ...* (1)

2.10 Daar sal altyd weer só 'n geleentheid oor jou pad kom.
*Daar sal nooit ...* (1)

**[10]**

## HOOFSTUK 8: Huiswerkvel 1

Bestudeer die advertensie aandagtig en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.




| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | ’n Advertensie word gewoonlik volgens die ABBA-beginsel ontwerp. | |
| 1.1.1 | Hoe trek hierdie advertensie jou aandag? | (1) |
| 1.1.2 | Hoe wek die advertensie jou belangstellling? | (1) |
| 1.1.3 | Hoe behou die advertensie jou belangstelling? | (1) |
| 1.1.4 | Hoe help die advertensie jou om tot aksie oor te gaan? | (1) |
| | | |
| 1.2 | Advertensies maak ook gebruik van advertensietegnieke. | |
| 1.2.1 | Watter voornaamwoord gebruik die adverteerder om die leser by die advertensie te betrek? | (1) |
| 1.2.2 | Watter behoefte word aangespreek met die volgende woorde: | |
| | 1.2.2.1 Hier speel jy in die natuur | (1) |
| | 1.2.2.2 Aan die voete van hierdie rotsreuse kan jy volkome ontspan | (1) |
| 1.2.3 | Wat merk jy op by elke selfstandige naamwoord? | (1) |
| 1.2.4 | Gee ’n vooorbeeld van volrym en halfrym. | (2) |
| | | |
| 1.3 | Watter rol speel die volgende visuele items: | |
| 1.3.1 | die raam om die advertensie? | (1) |
| 1.3.2 | die prent wat sentraal staan? | (1) |
| 1.3.3 | die prent van die kothuis? | (1) |
| | | |
| 1.4 | Watter EEN woord dui die teikengroep van hierdie advertensie aan? | (1) |

1.5 Watter leesteken sou jy by die opskrif gebruik? (1)

1.6 In watter tipe tydskrif sal hierdie advertensie die beste pas?
**A** ’n buitelugtydskrif
**B** ’n tydskrif vir ma’s met babas
**C** ’n tuinbou-tydskrif
**D** ’n tydskrif vir nutsmanne (’n *handyman*) (1)

1.7 Verduidelik die woordspeling in “rotsklim-aanhangers”. Jy moet eers sê met watter woord daar gespeel word en dan watter moontlike betekenisvlakke die woord kan hê. (3)

1.8 Gebruik jou verklarende woordeboek en soek die betekenis van die volgende woorde:
1.8.1 bonkige (1)
1.8.2 avonturiers (1)
1.8.3 skaduryke (1)
1.8.4 knus (1)
1.8.5 vredige (1)

1.9 Jy vertel vir jou maat van hierdie advertensie. Voltooi nou die volgende dialoog.

**Jy:** ...
**Jou maat:** Nou waar het jy daarvan gehoor?
**Jy:** …
**Jou maat:** Waar in ons land is die Baviaans?
**Jy:** …
**Jou maat:** Vertel my meer van die tipe verblyf wat beskikbaar is.
**Jy:** …
**Jou maat:** En is die verblyf bekostigbaar?
**Jy:** … (5)

1.10 Ontwerp nou jou eie advertensie waar jy enige aksie-sport adverteer. Gebruik die antwoorde op die vrae om jou te help om jou advertensie te ontwerp. (20)

**[49]**

## HOOFSTUK 8: Huiswerkvel 2

Hierdie huiswerkvel word nagesien met die rubrieke soos vir Graad 12.

2.1 Kyk mooi na die prent en skryf dan 'n opstel van 250–300 woorde daaroor.
Onthou: jou opstel se inhoud moet by die sentrale fokus van die prent pas. (50)



Die sentrale fokus hier is nie bloot 'n perd of 'n vrou agter 'n perd nie. Kyk wat die prent "sê" met die vrou wat die perd beskermend vashou.

Die tema hier kan wees: 'n Vrou se liefde vir haar perd is so groot dat sy in 'n krisissituasie die perd se lewe eerste sal stel (m.a.w. sy sal haar eie lewe in gevaar stel om die perd se lewe te red), **OF** die vrou wat dankbaarheid betoon omdat die perd haar lewe gered het.

2.2 Skryf 'n brief aan die skoolhoof waarin jy namens die leerders vra of julle met 'n aksie-sport soos rotsklim mag begin. Jou brief moet aandui dat jy en die ander leerders baie mooi oor die saak gedink het. Gebruik 120–150 woorde. (30)

2.3 Lees die volgende paragraaf deur en formuleer dan SEWE instruksies wat jy vir iemand sal gee om veilig te wees met sy/haar vlieërski. Jy moet volsinne skryf en elke sin moet jou eie wees. Jy mag nie meer as 70 woorde in totaal gebruik nie. (10)

**Sewe bruikbare wenke as jy vlieërski en veilig wil wees in die water**

Daar is jaarliks ongelukke met vlieërski waartydens vlieërskiërs seerkry. Sulke ongelukke kan voorkom word as jy net basiese veiligheidsmaatreëls nakom. As die wind te sterk is, is dit nie 'n goeie ding om jou vlieër te laat opstyg nie. As jy sien die wind is te sterk vir die grootte van jou vlieër, roep halt vir die dag. As die weer die dag reg is, probeer so gou moontlik in die water kom met jou vlieër en moenie op die strand daarmee speel nie. As iets skeefloop op die strand, sal die impak soveel groter as in die water wees. Onthou as jy regs ski, het jy reg tot toegang. As jy links ski, moet jy toegee. As jy windop by iemand verbyski, moet jy jou vlieër hoog hou en die persoon wat windaf ski, se vlieër moet laag gehou word. Voordat jy van rigting verander, moet jy altyd oor jou skouer kyk sodat jy nie in iemand vasski wat net kort agter jou ski nie. Moenie probeer Tarzan wees nie. Dit beteken jy moenie probeer om iemand te red of iemand se toerusting te probeer herwin as jy dit nie met 100% veiligheid kan doen nie. As jy ooit ongemaklik voel of voel dinge ruk handuit as jy vlieërski, moet jy nooit wag tot alles buite beheer is voordat jy jouself losmaak van jou vlieër nie.

**[90]**

 *Hierdie dokument mag gekopieer word.*

## HOOFSTUK 9: Huiswerkvel 1

1.1 Verbind die sinne met die voegwoorde tussen hakies. Maak seker dat die leestekens en die woordorde korrek is.

1.1.1 Sipho het nie ’n rekenaar nie. Hy kan dit bekostig. (alhoewel) (1)
1.1.2 Die virus het groot skade veroorsaak. Hy het nie ’n antivirusprogram nie. (want) (1)
1.1.3 Die video’s is op die internet. Dit verkoop soos soetkoek. (en) (1)
1.1.4 Thabo is nie siek nie. Hy is baie gesond. (inteendeel) (1)
1.1.5 Almal het die virus opgedoen. Dit is aansteeklik. (omdat) (1)
1.1.6 Zanele het die griepvirus opgedoen. Sy moet rus. (daarom) (1)
1.1.7 Virusse vermeerder. Wees versigtig. (aangesien) (1)
1.1.8 Vuyo moet die internetvideo’s maak. Hy weet nie hoe nie. (tensy) (1)
1.1.9 Jy kan die rekenaar gebruik. Jy moet eers al jou huiswerk doen. (mits) (1)
1.1.10 Linda het die virus vernietig. Dit het reeds versprei. (maar) (1)

1.2 Voltooi die volgende sinne:

1.2.1 Lindiwe is gewaarsku; tog ... (1)
1.2.2 Die pasiënt is steeds siek, tensy ... (1)
1.2.3 Mulalo kyk glad nie na internetvideo’s nie, want ... (1)
1.2.4 Bongi koop die video’s, alhoewel ... (1)
1.2.5 Die video’s gaan viraal en ... (1)

**[15]**

## Huiswerkvel 2

2.1 Korrigeer die woorde wat verkeerd geskryf is:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Lesedi’s | Van Bredas | fototjie | Du Plooy’tjie | b’s |
| oupa’tjie | pa’s | baba’s | kafee’tjies | |
| Zulus | graad 11’e | Du Toit’s | Marais’s | |
| Van Rooy’s | 1980’s | l’etje | daars | |

(10)

2.2 Vul die korrekte woorde in.

2.2.1 Die aksentteken dui soms die verskil in ... aan. (1)
2.2.2 Die hoofdoel van ’n aksentteken is om sekere lettergrepe ... (1)
2.2.3 Die twee aksenttekens is die ... en die ... (2)

2.3 Korrigeer die skryftekens op die volgende woorde:

premiére, nê, moét, appél, appélleer, clichè (6)

**[20]**

 *Hierdie dokument mag gekopieer word.*

## HOOFSTUK 10: Huiswerkvel 1

1.1 Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies.
1.1.1 ’n (oulik) modeparade
1.1.2 ’n (ingewikkeld) proses
1.1.3 (mode) rokke
1.1.4 (gil) toeskouers
1.1.5 (hard) handeklap
1.1.6 (moeg) deelnemers
1.1.7 ’n (berg) streek
1.1.8 (chronologies) orde
1.1.9 ’n (chaos) aand
1.1.10 (alfabet) volgorde (10)

1.2 Kies die korrekte spelling van die inwoners van lande.
1.2.1 Die (Angoelese / Angoleese / Angolese) bly in Angola.
1.2.2 Die (Ierse / Iers / Iere) bly in Ierland.
1.2.3 Die (Egiptenaars / Egiptiese / Egiptenare) bly in Egipte.
1.2.4 Die (Noord-Amerikas / Noord-Amerikaners / Noord-Amerikaaners) bly in Noord-Amerika.
1.2.5 Die (Namibiërs / Namibiane / Namibiesers) bly in Namibië
1.2.6 Die (Belge / Belghe / Belgiërs) bly in België.
1.2.7 Die (Duitschers / Duitsers / Duidsers) bly in Duitsland.
1.2.8 Die (Zimbabwêrs / Zimbabwiërs / Zimbabwiere) bly in Zimbabwe. (8)

1.3 Watter van die volgende woorde bevat ’n diftong?
1.3.1 konfyt *of* koeldrank
1.3.2 proe *of* prooi
1.3.3 liefling *of* lawaai
1.3.4 leeu *of* lelie
1.3.5 buite *of* baadjie
1.3.6 syne *of* sien
1.3.7 vuil *of* vadoek
1.3.8 maan *of* maaiers
1.3.9 leer *of* loei
1.3.10 klein *of* klem (10)

1.4 Vorm samestelings van die gegewe woorde.
1.4.1 (hand + granaat)
1.4.2 (aarde + bewing)
1.4.3 (sluit + datum)
1.4.4 (appel + stingel)
1.4.5 (hond + hok)
1.4.6 (kat + bak)
1.4.7 (brief + bus)
1.4.8 (dier + tuin)
1.4.9 (lees + brief)
1.4.10 (kies + lys) (10)

1.5.1 Wat is die kern van die volgende woorde?
badkamer, kerswas, aandpak, braaibroodjie, spinnerak, vlieglisensie, palmboom (7)
1.5.2 Maak nou ’n woord met elk van 1.5.1 se kerns, sodat die kern nou die bepaler is. (7)

**[52]**

## HOOFSTUK 10: Huiswerkvel 2

2 Skryf elke keer die sin oor soos gevra. Begin met die gegewe deel in skuinsdruk.

2.1 Die Red ons water-projek is in 2018 in die Oos-Kaap bekendgestel.
*Is die ... ?* (1)

2.2 Jeremy sê: "Dis sommer net stories – daar is baie water in Suid-Afrika."
*Jeremy het gesê dat ...* (1)

2.3 Jy lees van baie stories in die koerante en op sosiale media. Jy wonder wat die waarheid is. (wanneer)
*Wanneer ...* (1)

2.4 Mense glo net wat hulle laat gemaklik voel.
Om gemaklik te voel ... (1)

2.5 Dit is tyd dat almal met nuwe oë na Suid-Afrika se natuurlike hulpbronne kyk.
*Mense wonder ...* (1)

2.6 Wetenskaplikes waarsku al vir jare dat ons water min raak, maar niemand wou luister nie.
*Al …* (1)

2.7 In die verlede het ons geweet dat damme ten minste vier verdiepings diep moet wees.
*Het … ?* (1)

2.8 Jeremy wonder watter plante hy kan koop en plant om nie te veel water te gebruik nie.
*Jeremy wonder: "…"* (1)

2.9 Het jy al gehoor dat mense sê ons is pessimisties omdat ons na die verkeerde feite kyk?
*Nee, …* (1)

2.10 As jy inheemste plante plant, sal jy die watertafel baie help.
*Jy sal …* (1)

2.11 Almal neem verantwoordelikheid. Dan sal 1000de kiloliters water per dag gespaar word.
*Duisende kiloliters …* (1)


2.12 Dit is 'n projek wat mense se oë sal laat oopgaan vir natuurbewaring asook werkskepping.
*Hierdie projek behoort …* (1)

2.13 Jy kan apaties wees. Jy kan betrokke raak en help om ons land te red!
*Jy kan óf … óf …* (1)

**[13]**

## HOOFSTUK 11: Huiswerkvel 1

Bestudeer die onderstaande grafiese teks deeglik.




Skryf nou die grafiese teks oor in 'n netjiese inligtingstuk van 200–250 woorde. Besluit self hoe jy die paragrawe gaan indeel. Die inligtingstuk gaan met die rubriek vir opstelle nagesien word.

**[50]**

## HOOFSTUK 11: Huiswerkvel 2

Som elke leesstuk op in 70 woorde. Onthou om elke feit in 'n volsin te gee en in jou eie sinne.

2.1 Som die SEWE etiketreëls op wat jy moet onthou as jy 'n selfoon gebruik. (10)

**Selfoonetiket**

Net soos goeie tafelmaniere, bestaan daar ook goeie selfoonmaniere. Ons noem dit selfoonetiket. Stuur jou laaste boodskap voor 20:00. Die meeste mense gaan slaap dan en dit is ongeskik om laat in die aand boodskappe te stuur. Wees geduldig as jy bel / 'n boodskap stuur en jy kry nie dadelik terugvoering nie. Gee die persoon tyd om op jou boodskap te reageer, want dis onredelik om dadelik 'n antwoord te verwag. Onthou om goeie maniere te gebruik, of jy nou WhatsApp, SMS of op Facebook met iemand gesels. Bedagsaamheid kos niks nie. Respekteer ander. Moenie musiek kliphard op jou foon speel of kliphard oor jou selfoon klets in ander mense se teenwoordigheid nie. Kuier met jou maats wanneer hulle by jou is en vergeet dan van jou selfoon. Jou maats het moeite gedoen om by jou uit te kom. 'n Selfoon aan tafel is 'n onding. Gesels met die ander mense aan tafel as julle eet. Dis ongeskik om met jou foon te peuter terwyl jy in geselskap is. Dink voor jy doen. Voor jy enige boodskap, video of foto stuur, kyk weer daarna en besluit: Is dit waar, en is dit nodig om dit te stuur? Sal dit iemand goed of sleg laat voel, iemand help of seermaak?

2.2 Som SEWE dinge op wat van jou 'n verantwoordelike selfoongebruiker maak. (10)

**Jou selfoon – jou verantwoordelikheid**

As jy oud genoeg is om 'n selfoon te hê, is jy oud genoeg om verantwoordelik daarmee te werk. Hier is 'n paar wenke hoe om jou selfoon verantwoodrelik te gebruik. As jy en jou maat stry, hoef jy nie jou gevoelens op Facebook te verklap nie. Praat eerder direk met jou maat en sorteer die probleem uit. Onthou, enigiets wat jy op sosiale media deel is vir altyd in die kuberruim, al wis jy dit op jou foon uit. Dink mooi voor jy deel word van WhatsApp-groepe. Soms word dit misbruik om oor ander te skinder of om iemand te boelie. Staan op teen enige boelie-gedrag en sê dat jy nie deel daarvan wil wees nie. As hulle aanhou, verlaat dan die groep. Wanneer jy ongewenste boodskappe, video's of foto's ontvang, moet jy dit NOOIT aanstuur nie. Wis dit dadelik uit. As die sender van sulke boodskappe aan jou bekend is, vra hom/haar om op te hou. As jy sulke boodskappe van vreemdelinge kry, wys dit vir jou ouers en blok die nommer. Moenie boodskappe in enige vorm van onbekende nommers oopmaak nie. Dit kan virusse bevat of onwettige inligting wat jou in die moeilikheid kan laat beland. Sluit jou foon met 'n wagwoord of -nommer, wat net jy en jou ouers ken, sodat niemand van jou foon af 'n boodskap kan stuur nie. Vertel jou ouers wanneer jy boodskappe kry waarin jy geboelie word. Boelie-gedrag is 'n kriminele oortreding.

Aangepas uit: http://www.hoezit.co.za/201699slimfoon-etiket

**[20]**

## HOOFSTUK 12: Huiswerkvel 1

1.1 Gee die meervoud van die onderstreepte woorde.

1.1.1 Die monnik is alleen in die abdy. (1)
1.1.2 Die woonwa staan op die oop stuk veld. (1)
1.1.3 Die akteur leer sy teks vir die opvoering. (2)
1.1.4 Die lam wei op die gras. (1)
1.1.5 Die voog van die kind besoek die skool. (2)

1.2 Gee die verkleiningsvorm van die onderstreepte woorde.

1.2.1 Die lantern se liggie skyn flou. (1)
1.2.2 Die boord staan vol vrugtebome. (1)
1.2.3 Daar is baie water in die vat. (1)
1.2.4 Moenie oor die skilpad ry nie. (1)
1.2.5 Die kou is stukkend; dus het die voël weggevlieg. (2)

1.3 Gee die teenoorgestelde geslag van die onderstreepte woorde.

1.3.1 Die non sit in die kerk. (1)
1.3.2 Die sog is siek; sy vreet nie. (2)
1.3.3 Rita het nou uiteindelik ’n kêrel. (1)
1.3.4 Die bruid lyk pragtig op haar troudag. (2)

1.4 Verbind die twee sinne met ’n betreklike voornaamwoord.

1.4.1 Die seun het dit gedoen. Die seun kom later. (1)
1.4.2 Jy hang aan die tak. Die tak mag afskeur. (1)
1.4.3 Ek sit op die stoel. My oupa het die stoel gemaak. (1)
1.4.4 Die skool samel geld in vir die bus. Die bus sal baie gebruik word. (1)

1.5 Kies die korrekte woord tussen hakies.

1.5.1 Ontbied die (dokter/doktor) wanneer jy sleg voel. (1)
1.5.2 Die kind sit op die (rant/rand) van die bad. (1)
1.5.3 Ek is (lid/lit) van die stapklub. (1)

1.6 Kies enige TWEE van die woorde wat jy NIE in 1.5 gebruik het nie en met elkeen ’n verduidelikende sin. (2)

**[28]**

## HOOFSTUK 12: Huiswerkvel 2

2.1 Skryf die volgende paragraaf oor. Gee die meervoud van die onderstreepte woorde en die verkleiningsvorm van die vetgedrukte woorde.

My **oupa** se <u>hemp</u> lê in die <u>kis</u>, want Ma neem dit <u>hawe</u> toe. Toe ek die kis optel, het 'n **splinter** in my **vinger** gesteek. Ma het die <u>splinter</u> met 'n dun **naald** uitgehaal. Ek het sommer op die naaste **stoel** neergesak en na my <u>lam</u> verlang. (10)

2.2 Slaan die betekenis van die volgende woorde in 'n woordeboek na. Verduidelik dan die verskil tussen die twee woorde.

2.2.1 skenk en skink (2)
2.2.2 kwes en kwets (2)
2.2.3 prakseer en praktiseer (2)

2.3 Gee die afkorting/akroniem vir die onderstreepte woorde.

2.3.1 Ek moet nog die <u>oefening</u> vir <u>Woensdag</u> oor woordsoorte doen. (2)
2.3.2 Die <u>sersant</u> het die <u>professor</u> met die gesteelde goedere betrap. (2)
2.3.3 <u>Volgens</u> die nuus gaan die <u>temperatuur</u> styg. (2)

2.4 Gee die korrekte vorm van die afkortings.

2.4.1 ww. (1)
2.4.2 UNISA (1)
2.4.3 SAL (1)

**[25]**

## HOOFSTUK 13: Huiswerkvel 1

1.1 Lees die onderstaande dagboekinskrywing en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Liewe Dagboek
> Die maan skyn vanaand so mooi. Die sterre blink en ek dink (1.6) die mense wat met die maan gepla is. (1.7) <u>Waarna</u> (betreklike/vraende voornaamwoord ) soek hulle in die lewe? Ek het vandag besef die maan beïnvloed meer as net die (1.8 getye/getuie) van die see. Die maan is vol. Die maan is mooi. Die lewe is mooi.

1.1.1 Die maan is 'n voorbeeld van 'n (werkwoord / selfstandige naamwoord). (1)
1.1.2 "Skyn" is 'n voorbeeld van 'n (koppelwerkwoord / hulpwerkwoord). (1)
1.1.3 "Mooi" is 'n voorbeeld van 'n (lidwoord / byvoeglike naamwoord). (1)
1.1.4 Skryf die verkleining van "sterre" neer. (1)
1.1.5 Word "sterre blink" in sin 2 letterlik of figuurlik gebruik? (1)
1.1.6 Vul die gepaste voorsetsel in sin 2 in. (1)
1.1.7 Kies die korrekte woordsoort in sin 3. (1)
1.1.8 Skryf neer die gepaste woord in sin 4. (1)
1.1.9 Gee die vergrotende trap van "vol". (1)
1.1.10 As die maan vol is, is dit baie (lig / donker) buite. (1)

1.2 Skryf die sinne oor in die indirekte rede. Begin soos aangedui in skuinsdruk.

1.2.1 Susan sê: "Die maan is vol".
*Susan sê dat ...* (1)
1.2.2 Thebogo het gesê: "Kyle, die lewe is mooi".
*Thebogo het vir Kyle gesê ...* (1)
1.2.3 David vra: "Is jy met die maan gepla?"
*David vra vir hom of ...* (1)

3.1 Skryf die twee onbepaalde voornaamwoorde uit die sin neer.

Thabo sê: "Iemand het iets van die maan gesê." (2)

**[15]**

## HOOFSTUK 13: Huiswerkvel 2

Lees die onderstaande teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

(2.1)**Dans van die slaapwandelaars**

Paartjies het gedans totdat hulle aan die slaap geval het. En partykeer selfs totdat een van die dansers (2.2) dood neergeval het. (2.3) Dit was ’n rare vorm van vermaak en was baie gewild in die Depressiejare van die (2.4) vroeere 1930’s in (2.5) Amerika.

(2.6) Honger, daklose (2.7) mense het hulle só (2.8) laat misbruik om deur 2.9 (betaal) toeskouers toegejuig of bespot te word ter wille van die gratis kos en huisvesting wat hulle tydens die knellende Depressie by die (2.10) dansplekke ontvang het.

*Uit:* www.Mieliestronk

2.1 Skryf die opskrif van die artikel oor en vul die korrekte leesteken in. Onderstreep die leesteken wat jy ingevul het.
Dans van die slaapwandelaars (1)

2.2 Gee die intensiewe vorm van die onderstreepte woord.
Hulle dans totdat een van die dansers <u>dood</u> neergeval het. (1)

2.3 Verander die stelsin na ’n vraagsin.
Dit was ’n rare vorm van vermaak. (1)

2.4 Verbeter die spelfout in die sin. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
Die vermaak was baie gewild in die Depressiejare van die vroee 1930’s. (1)

2.5 Gee die meervoud van die vetgedrukte word. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
Die vermaak was baie gewild in die Depressiejare in die **Amerika**. (1)

2.6 Gebruik die die byvoeglike naamwoord “honger” in ’n sin predikatief. (1)

2.7 Kies die korrekte word tussen hakies.
“Mense” is ’n voorbeeld van (oorronding/assimilasie). (1)

2.8 Gebruik die homoniem van “laat” in ’n sin sodat die betekenis duidelik blyk. (1)

2.9 Vorm ’n teenwoordige deelwoord van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
(betaal) toeskouers (1)

2.10 Gebruik die woord “dansplekke” en wys op die verskil tussen klankgrepe en lettergrepe. (1)

**[10]**

## HOOFSTUK 14: Huiswerkvel 1

Lees die paragrawe deur en doen elke keer wat tussen hakies gevra word.

**Kyk anders na jou omgewing!**

Hoe gereeld gooi jy goed (**1.1 op/in** – gee die korrekte voorsetsel) 'n asblik? Hoe gereeld het jy al (**1.2 wens** – gee die korrekte vorm) dat jy meer geld in jou beursie kan (**1.3 het** – gee die korrekte vorm)? Kom ons (**1.4 gekombineer/kombineer** – kies die korrekte vorm) die twee sake: ons moet maniere (**1.5 vind/vint –** kies die korrekte spelling) om ons (**1.6 wereld/wêreld** – kies die korrekte spelling) te bewaar en (**1.7 skoonhou/skoon te hou** – kies die korrekte vorm) terwyl ons ook ons bankbalans gesond hou. In kort: ons moet ons perspektief verander!

Ons kan betrokke raak by 'Herwin wat jy kan'-projekte. (**1.8 Naweek** – gee die meervoud) moet ons (**1.9 herwin + drom** – vorm 'n samestelling en gee die meervoud) leegmaak en dit by herwinningsinstansies gaan aflaai. Kinders kan vir (**1.10 *pocket money*** – gee die Afrikaans) (**1.11 elke week** – gee een woord) van (**1.12 Maandag** – gee die afkorting) tot (**1.13 Vrydag** – gee die afkorting) die herwinbare materiaal by (**1.14 skole/skoole** – kies die korrekte spelling) sorteer. Binne vier (**1.15 maand/maande** – kies die korrekte vorm) (**1.16 sou/sal** – kies die korrekte woord) dit só 'n sukses wees, dat mense gaan wonder hoekom hulle dit nie vroeër gedoen (**1.17 het/het nie** – kies die korrekte einde van die sin). En net daar word (**1.18 *heroes*** – gee die Afrikaans) gebore: gewone mense wat gewone dinge doen wat 'n (**1.19 *difference*** – gee die Afrikaans) maak.

Wat kan ons nog doen om ons perspektief 'n bietjie te verander? Ons moet anders begin kyk na hoe ons (**1.20 lewe/leef** – kies die korrekte vorm). Ons moet begin (**1.21 voorbeeld stel** – voltooi die sin deur die infinitief te gebruik).

Met die optel van (**1.22 een /1** – kies die korrekte manier van skryf) papiertjie of (**1.23 blik** – gee die verkleining) wat rondlê, sal jy mense (**1.24 inspirasie** – gee die werkwoord) om dieselfde te doen. Met elke sak vol (**1.25 *newspapers*** – gee die Afrikaans) kan jy 'n paar (**1.26 rande/rand/ Rand/Rande** – kies die korrekte skryfwyse) verdien en begin spaar vir (**1.27 my/jou/hulle** – kies die korrekte voorsetsel) studies. Miskien was jy iemand wat vir ander kinders (**1.28 lag en spot** – gee die korrekte vorm van die woorde) het as hulle (**1.29 herwin** – gee die korrekte vorm) gedoen het? As jy eers glasbottels gaan versamel, sal jy wéér lag – al die pad bank toe!

(**1.30 Stel nog 'n voorbeeld.** – skryf die sin oor as 'n vraagsin) Gebruik (**1.31 meer** – gee die teenoorgestelde) water; skakel alle (**1.32 nodige** – gee die teenoorgestelde) (**1.33 lig/ligte** – kies die korrekte vorm) af. Neem deel (**1.34 aan/in/met** – kies die korrekte voorsetsel) die (**1.35 wêreld + wyd** – vorm 'n samestelling) verskynsel van "Meatless Mondays". As jy kan, dra jou (**1.36 kleure/klere** – kies die korrekte woord) meer as een (**1.37 keer/kere/keur** – kies die korrekte woord) – só spaar jy wasgoedwater. (**1.38 Gooi ou groente weg** – skryf die sin oor as 'n bevel in die negatiewe vorm). Vra jou ma om dit (**1.39 op/in/by/met** – kies die korrekte voorsetsel) sop te gebruik …

… en voor jy (1.40 haar/jou/sy – kies die korrekte voornaamwoord) (1.41 oog – gee die meervoud) kan uitvee, het jy jou én ander mense se perspektief, jou beursie én jou omgewing verander!

**[27]**

## HOOFSTUK 14: Huiswerkvel 2

Bestudeer die foto. Voer dan die instruksies by elke vraag uit. Skryf elke keer net die woorde van die persoon wat praat, neer. Elke respons moet 12–18 woorde lank wees, en jy mag net een of twee sinne per respons gebruik.




2.1 Rick (A) is baie **opgewonde**, want hy en sy vrou, Chernise (D), kan nou vir hulle beste vriende verduidelik hoe hulle hul nuwe huis gaan bou. Skryf neer wat hy op die oomblik oor hulle kombuis en braaikamer vertel. (2)

2.2 Brian (C) is effens **verras** want hy het nie geweet Rick en sy vrou gaan huisbou nie. Skryf neer wat hy dink. (2)

2. 3 Chernise (D) kan sien dat Brian **verras** is en sy wonder hoe sy dit vir hom kan **verduidelik**. Skryf neer wat sy dink om te sê. (2)

2.4 Cathy (B) is **bekommerd** dat hulle nie genoeg by mekaar gaan kuier nie omdat die huis te lank gaan vat om te bou. Skryf neer wat sy vir Rick oor die bouproses vra. (2)

2.5 Rick (A) onthou **skielik** dat hy nog die honde moet kos gee. Skryf neer wat hy vir sy vrou vra om te doen, terwyl hy verduidelik. (2)

2.6 Brian (C) vra Rick **beleefd** om weer te verduidelik, want hy verstaan die deel oor die braaikamer nie so lekker nie. Skryf neer wat hy vra. (2)

2.7 Cathy (B) besef dat sy nog ’n koek in die oond het by die huis en sy is **bang** dit het al gebrand. Skryf neer wat sy vir die res sê net voor sy opstaan. (2)

2.8 Rick (A) weet dat sý gebak fantasties gaan smaak en hy begin daaroor **spog**. Skryf neer wat hy vir die res sê. (2)

**[16]**

## HOOFSTUK 15: Huiswerkvel 1

1.1 Verbeter die spelling van die onderstreepte woorde.

1.1.1 My seer voet beinvloed my rugbyspel. (1)
1.1.2 Sit die suiker boop die tafel neer. (1)
1.1.3 Die reenboe het verskillende kleure (1)
1.1.4 Ek moet vroeer gaan slaap, want ek bly moeg. (1)
1.1.5 Ek het gister al die appels geeet. (1)

1.2 Kies die korrekte sinoniem vir die vetgedrukte woorde uit die volgende lysie: vriende, kwaad, dadelik, beroep, present.

1.2.1 Die onderwyser is **woedend** vir die stout kinders. (1)
1.2.2 Ek is **opgewonde** oor my geskenk. (1)
1.2.3 Die **werk** wat ek wil beoefen, moet vir my baie geld in die sak bring. (1)
1.2.4 My **maats** is almal lief vir my troeteldier. (1)
1.2.5 Jy moet **onmidellik** jou geld gaan haal. (1)

1.3 Voltooi die sinne met antonieme van die vetgedrukte woorde.

1.3.1 Vriende maak 'n mens soms **hartseer**; ander kere … (1)
1.3.2 Die Wiskunde was **maklik**, maar die Engels was … (1)
1.3.3 As jy **lui** is, kry jy net moeilik.Dit is beter om … te wees. (1)
1.3.4 Die **brandarm** man vra vir die …vrou geld. (1)
1.3.5 As jy **ongelukkig** is, moet jy iets doen om …te wees. (1)

1.4 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

1.4.1 Jou hemp (wat gestryk is) lyk netjies. (1)
1.4.2 Die mense (wat verbaas is) se monde hang oop. (1)
1.4.3 Hulle het stukke (breek) glas opgetel en weggegooi. (1)
1.4.4 Die (onstel) ma het die skoolhoof gebel. (1)
1.4.5 Die (verf) kamer lyk sommer nuut! (1)

**[20]**

## HOOFSTUK 15: Huiswerkvel 2

2.1 Rangskik die sinsdele tussen hakies in die regte volgorde.

2.1.1 Ringo sing (in die ateljee / elke oggend vroeg / uit volle bors). (1)
2.1.2 Tieners sing (onder die stort / soggens / graag). (1)
2.1.3 Ons oefen (saam met ons vriende / by die gymnasium / elke middag). (1)

2.2 Skryf die volgende sinne in die ontkennende vorm.

2.2.1 Iemand sal Wiskunde moet verduidelik. (1)
2.2.2 Het jy al ooit hard gesing? (1)
2.2.3 Almal het musiek gemaak. (1)
2.2.4 Maak die deur toe! (1)
2.2.5 Ek wag vir jou. (1)

2.3 Skryf die sinne oor in die lydende vorm.

2.3.1 Weeknd sing graag liedjies vir sy vriend. (1)
2.3.2 Jeremy Loops het kitaar op die boot gespeel. (1)
2.3.3 Waarom glimlag Yende so? (1)
2.3.4 Selfs Beethoven sal die musiek skryf. (1)
2.3.5 Beethoven het van die mooiste musiek geskryf. (1)

2.4 Skryf die sinne oor in die bedrywende vorm.

2.4.1 Tieners word deur Weeknd se musiek beïnvloed. (1)
2.4.2 Verskeie toekennings is al deur Ringo ontvang. (1)
2.4.3 Op twaalfjarige ouderdom is Beethoven se eerste werk gekomponeer. (1)
2.4.4 Preludes is dikwels deur Beethoven in Vienna gespeel. (1)
2.4.5 Die opera, Fidelio, is oor 'n tydperk van tien jaar deur Beethoven geskryf. (1)

2.5 Gebruik die volgende woorde eers letterlik en dan figuurlik.

2.5.1 engel (1)
2.5.2 pad (1)

**[20]**

## HOOFSTUK 16: Huiswerkvel 1

Lees elke keer eers die gegewe sin deur. Voer dan die instruksies by die vrae uit.

1.1 Het jy al gehoor van die nuwe tegnologie wat moontlik verlamming sal kan teëwerk?

1.1.1 Skryf die sin oor in die negatiewe vorm. (1)
1.1.2 Skryf die sin oor en begin met *Nee, ek ...* (1)

1.2 Wetenskaplikes doen navorsing. Hulle kan die skade aan jou ruggraat herstel.

1.2.1 Skryf die sin oor en gebruik die voegwoord "omdat". (1)
1.2.2 Skryf die sin oor en gebruik die voegwoord "want". (1)
1.2.3 Skryf die sin oor en gebruik die voegwoord "daarom". (1)

1.3 Mhuzi vra: "Het julle al gehoor dat vragmotors ook nou hulself sal kan bestuur?"

1.3.1 Skryf die sin in die indirekte rede oor. (1)
1.3.2 Skryf die sin in die indirekte rede oor en begin met *Mhuzi het gevra ...* (1)
1.3.3 Skryf die sin in die negatiewe vorm oor. (1)
1.3.4 Beantwoord die sin in die ontkennende vorm. (1)

1.4 Verlede jaar het 1,6 miljoen vragmotorbestuurders hulle werk verloor.

1.4.1 Skryf die sin oor in die toekomende tyd. (1)
1.4.2 Skryf die sin oor in die hede. (1)
1.4.3 Skryf die sin oor en begin met die onderwerp. (1)
1.4.4 Verander die sin na 'n vraagsin. (1)

1.5 Rodney roep onsteld uit dat dit moeilikheid soek is. Hy sê ook dat motors hulself nog nie eens kan bestuur nie.

1.5.1 Skryf die sin oor in die direkte rede. (1)
1.5.2 Skryf die sin oor in die verlede tyd. (1)

1.6 As jy jou privaatheid wil beskerm, moet jou wagwoord 10 karakters lank wees.

1.6.1 Skryf die sin oor en gebruik die woord "behoort". (1)
1.6.2 Skryf die sin oor en begin met *Jou wagwoord ...* (1)
1.6.3 Skryf die sin in die verlede tyd oor. (1)

1.7 Zelda gebruik syfers en hoofletters om haar bankrekening te beskerm.

1.7.1 Skryf die sin oor en begin met *Syfers en hoofletters ...* (1)
1.7.2 Skryf die sin oor en begin met *Gebruik ...* (1)
1.7.3 Skryf die sin oor en begin met *Om haar bankrekening...* (1)

1.8 Is alles wat nuut is en vinniger werk, noodwendig beter vir ons?

1.8.1 Skryf die sin oor as 'n stelsin. (1)
1.8.2 Skryf die sin in die negatiewe vorm oor en begin met *Alles ...* (1)
1.8.3 Skryf die sin in die negatiewe vorm oor en begin met *Al ...* (1)
1.8.4 Skryf die sin oor as 'n vraagsin. (1)

1.9 Ons almal moet versigtig met tegnologie werk.

1.9.1 Skryf die sin op twee maniere oor: gebruik eers "hoef" en dan "behoort". (2)

**[27]**

## HOOFSTUK 16: Huiswerkvel 2

Bestudeer die prent. Kyk mooi na wat elke persoon doen (kyk na hul liggaamstaal, gesigs-uitdrukkings en aksies) en voer dan die instruksie by elke vraag uit. Elke respons moet 15–20 woorde lank wees, en jy mag net een of twee sinne per respons gebruik.



2.1 Die meisie (regs) is baie **opgewonde** oor die uitslag van haar eksamen. Wat sê sy vir haar vriende? (2)

2.2 Haar vriendin links van haar is **net so bly en trots** op haar. Wat dink sy? (2)

2.3 Die seun (heel links) **luister nie eintlik** na die geselskap nie. Sy gedagtes is op 'n ander plek. Waaraan dink hy? (2)

2.4 Die meisie (regs) het 'n idee wat hulle kan doen om haar goeie uitslae te vier. En dis iets heeltemal anders as gewoonlik! Watter **interessante** voorstel maak sy? (2)

2.5 Die seun (heel regs) staar **verlief** na die meisie langs hom. Hy wil haar op 'n afspraak uitvra. Wat gaan sy woorde aan haar wees? (2)

2.6 Die meisie (links) is self 'n bietjie verlief op die seun aan haar regterkant en sy begin **droom** oor hulle eerste afspraak. Sy hoop dat die seun aan haar **romantiese vereistes** sal voldoen. Wat hoop sy gaan hy op hul eerste afspraak onthou? (2)

2.7 Die seun (heel links) begin agterkom dat die meisie van hom hou en dit begin hom 'n bietjie **irriteer**. Skryf neer wat hy dink. (2)

2.8 Die meisie (links) begin agterkom dat die seun nie so baie van haar hou soos sy van hom nie. Sy is **teleurgesteld**. Skryf neer wat sy dink. (2)

**[16]**

 *Hierdie dokument mag gekopieer word.*

## HOOFSTUK 17: Huiswerkvel 1

1.1 Kies uit kolom B die vetgedrukte woord wat die beste by die woordsoort in kolom A pas.

| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| 1.1.1 | bywoord | **Die kliek** sit **op** die muur. |
| 1.1.2 | werkwoord | Daar is **vyf** kliekgroepe in ons klas. |
| 1.1.3 | selfstandige naamwoord | **Hulle** kliek so **maklik**. |
| 1.1.4 | tussenwerpsel | Die **raserige** kliek staan buite. |
| 1.1.5 | voorsetsel | **’n** Kliek is ’n onding. |
| 1.1.6 | lidwoord | Die kliek is koel, **maar** hulle raas. |
| 1.1.7 | byvoeglike naamwoord | Die paartjies **kliek** sommer **gou-gou**. |
| 1.1.8 | voornaamwoord | Nie klieks nie**!** |
| 1.1.9 | voegwoord | |
| 1.1.10 | telwoord | |

(10)

1.2 Skryf die woorde tussen hakies in die korrekte vorm.

1.2.1 Die kind kliek op haar (koop) kamera. (1)
1.2.2 Al (loop) en (praat) is hulle altyd. (1)
1.2.3 Clark voel (dwing) in hul vriendskap. (1)
1.2.4 Die (bederf) kind gee sy ouer probleme. (1)
1.2.5 Die (slyp) dief het gesteel en is gevang. (1)
1.2.6 Hy sit met ’n (buig) hoof. (1)
1.2.7 Die mense in die storm is nou (help). (1)
1.2.8 Die (voorskryf) medisyne smaak sleg. (1)
1.2.9 Die (brand) vuur in die kaggel maak warm. (1)
1.2.10 Die (lui) selfoon pla ons. (1)

**[20]**

 *Hierdie dokument mag gekopieer word.*

## HOOFSTUK 17: Huiswerkvel 2

**Hersien woordorde (STOMPI)**

<u>Voorbeeldsin</u>:

Die **leerder** (**S**) lees <u>gereeld</u> (<u>T</u>) *die storie* (*O*) **hardop** (**M**) <u>in sy kamer</u> (<u>P</u>) *om beter te vaar* (*I*).

| | | | |
|---|---|---|---|
| S | = | "Subject" | (onderwerp) |
| T | = | "Time" | (bepaling van tyd – waneer?) |
| O | = | "Object" | (voorwerp) |
| M | = | "Manner" | (bepaling van wyse – hoe?) |
| P | = | "Place" | (bepaling van plek – waar?) |
| I | = | "Infinitive" | (infinitief) |

2 Verbeter die woordorde in die volgende sinne.

2.1 In die saal die leerders leer elke dag vir die eksamen. (1)
2.2 Die ouma het in die middag huil-huil gekyk televisie. (1)
2.3 Soggens sal die dogter in die kombuis ontbyt maak. (1)
2.4 In die parkie skryf die kliek die storie skelmpies. (1)
2.5 Gister het Lesedi in die saal geoefen die lied. (1)

**[5]**

## HOOFSTUK 18: Huiswerkvel 1

Lees die onderstaande teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

### Pak 'n rugsak vir 'n veiliger toekoms

Twee jong meisies met inisiatief en harte wat warm klop vir hul medemens, het besluit om hulle deel te doen om 'n beter toekoms vir Suid-Afrika te skep. Hulle wys vir ons dat ons 'n verskil kan maak as ons elke dag iets kleins doen. Hulle glo dis moontlik om 'n wêreld te skep waar almal veilig kan leef.

**Thato Kgatlhanye (22) se rugsakke**

Thato is 'n inspirerende jong vrou van Rustenburg in Noordwes. Sy is die stigter en hoof van Rethaka – 'n maatskappy wat verantwoordelik was vir die *Repurpose*-skoolsak. Hierdie maatskappy werk sonder winsmotief. Herwonne plastieksakke word gebruik om so 'n sak te maak. Dit het ook weerkaatsende materiaal wat die leerders sigbaarder en veiliger maak terwyl hulle skool toe stap. Die sakke gebruik ook sonkragtegnologie vir 'n lig sodat die leerder vir tot 12 uur kan studeer. Daarby help dit sommer om rommel te verminder. Thato sê: "Die idee vir die skoolsak het ontstaan toe ek besef het dat daar ander kinders was wat baie minder as ek gehad het. Hierdie kinders het geen waardigheid gehad nie, geen basiese skool-benodigdhede nie, en geen lig om saans by te studeer nie."

**Carla Portwig (23) se rugsakke**

Dit was 'n motorongeluk wat Carla geïnspireer het om haar sakke te vervaardig. Die tragedie het reg voor hulle afgespeel toe sy en haar ma op pad lughawe toe was van Wellington na Kaapstad. Dit was pikdonker, in die winter. Die taxi het oorkant die pad gestop en die vrou het oor die pad gestap. Sy is voor hulle oë doodgery. "Dit het maande lank by my gespook. Ek het gevoel iéts moet gedoen word," het Carla gesê. Sy het aan die werk gespring en die onderneming *Visibility is Life* gestig wat skooltasse met weerkaatsers verkoop. Die sakke is duursaam en word van seil (*canvas*) gemaak. As leerders in die donker skool toe stap of uit 'n bus klim en oor die pad loop, sal die weerkaatsers op hul rugsak dit vir bestuurders moontlik maak om hulle te sien. "Ek wil hê alle Suid-Afrikaanse kinders moet veilig wees. Ek glo as jy hulle veiligheid bied, gee jy vir hulle lewe in oorvloed." Binne die rugsakke word wenke oor padveiligheid geplaas. Voordat die rugsakke uitgedeel word, kry die kinders eers 'n kort les oor veilige padgebruik: Kyk links, dan regs en dan weer links. Tydens oueraande word ouers ook van die rugsakke en padveiligheid vertel. Hoewel Carla se onderneming met 'n winsmotief bedryf word, is die maatskaplike impak wat hierdie rugsakke kan hê haar doel. Sy droom daarvan om artikels soos leerhandsakke van 'n hoë gehalte te maak, of sportklere. Koop iemand dan so 'n handsak, skenk daardie persoon outomaties ook 'n rugsak met weerkaatsers aan 'n behoeftige leerder. Carla sê: "Dít is sosiale entrepreneurskap. Ons dink ons kan 'n groter impak hê deur 'n onderneming met 'n winsmotief te bedryf, sodat ons ook werk aan mense kan verskaf. Ons lewe nou in 'n wêreld waar dit eenvoudig nie meer genoeg is om net geld uit te deel nie."

1.1 Skryf 'n dialoog tussen Thato en Carla. Hulle vertel vir mekaar waar hulle hul idees vir die rugsak gekry het, wat die doel daarvan is, en hoe die rugsakke gemaak word. (30)

1.2 Kies een van die meisies se ontwerpe vir 'n rugsak. Jy moet dit in die plaaslike koerant adverteer. Stel nou die advertensie saam. (20)

1.3 Gee 'n opskrif vir die tabel en voltooi die inligting wat daarin vergelyk word. (15)

| | THATO | CARLA |
|---|---|---|
| Woonplek | | |
| Ontstaan van rugsak-idee | | |
| Naam van maatskappy | | |
| Hoe word maatskappy bedryf? | | |
| Materiaal wat gebruik word | | |
| Die rugsak self | | |
| Doel | | |

1.4 Soek die betekenis van die volgende woorde in die woordeboek:

1.4.1 medemens
1.4.2 winsbejag
1.4.3 herwonne
1.4.4 weerkaatsers
1.4.5 behoeftige (5)

**[70]**

 *Hierdie dokument mag gekopieer word.*

## HOOFSTUK 18: Huiswerkvel 2

2.1 Skryf 'n opsomming:

- Haal SEWE belangrike feite uit die leesstuk oor die dikkop.
- **NB:** Jy moet die raamwerk wat na die leesstuk gegee word, gebruik om die regte feite uit te haal.
- Skryf die feite puntsgewys neer en nommer hul 1–7 (soos op die raamwerk).
- Maak seker elke feit is in 'n volsin en in jou eie woorde.
- Jy mag nie meer as 70 woorde in jou opsomming hê nie.
- Tel die getal woorde wat jy gebruik het en skryf dit onderaan jou opsomming.

**Dikkoppe** ("Spotted Thick-knee") (Burhinus capensis)

Hierdie voël kom redelik algemeen in parke en selfs tuine in ons omgewing voor. Hulle is redelike skaam voëls en jy sal sukkel om hulle bedags te sien. Hulle kruip dan gewoonlik in die lang gras of onder bossies weg. Snags is hulle egter kaatjie van die baan. Dikkoppe is maklik uitkenbaar aan hulle donkerbruin en dofgeel gespikkelde rugkant, lang geelgroen bene en prominente groot geel oë. Hulle kleur veroorsaak dat hulle perfek gekamoefleer is. Hulle het die gewoonte om, as hulle bedreig of bang voel of as hulle hulle neste beskerm, in 'n gehurkte posisie te gaan lê. Soms maak hulle selfs asof hulle beseer is. Hulle eet insekte, grassade, klein akkedissies en slakke wat hulle op die grond kry. Mannetjies en wyfies vorm 'n lewensband. Wyfies lê een tot drie eiers vanaf Augustus tot Januarie en hulle broeityd is 24 tot 30 dae. Twee en selfs drie stelle kuikens word per jaar suksesvol groot gemaak. Al twee die ouers versorg die eiers en daarna sorg hulle saam vir die kuikens. Omdat hulle kamoeflering so uitstekend is, word hulle gereeld raakgery, veral laatmiddag en saans wanneer hulle meer aktief is. Hulle is geneig om in die pad te loop/staan en motors wat te vinnig ry, sien hulle te laat raak. Hulle natuurlike vyande is uile, valke en katte.

<u>Raamwerk vir gebruik</u>:

